
Oeiras. Fort St. Juliao da Barra lê teen die see. Foto: Linda Brink, November 2011.


Illustrasie 55: Boeregeïnterneerdes is ook in Fort St. Juliao da Barra te Oeiras aangehou. Foto: Linda Brink, November 2011.

Plokhooij het ook aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem en in Junie 1900 is hy deur die Britte gevange geneem en na Nederland gedeporteer, waar hy ŉ boek geskryf het oor sy oorlogservaringe. Op 31 Desember 1900 het hy as die eerste van verskeie rapportgangers wat deur dr. Leyds met geheime sendings belas is, na Lourenço Marques vertrek.[70] In ŉ handgeskrewe verslag het hy vertel dat hy in Desember 1900 na Parys gegaan het, waar hy ŉ aantal briewe ontvang het wat bestem was vir die Boereleiers te velde waarin oor die situasie in Europa verslag gedoen is. Dit is onbekend wat die werklike inhoud van die briewe was. Teen die tyd dat hy die hawe van Lourenço Marques bereik het, was Plokhooij platsak en het hy boonop malaria gekry. Hy het verneem dat ŉ reis na Transvaal in daardie stadium gevaarlik sou wees omdat die Britte die grens met Mosambiek gepatrolleer het. Plokhooij het daarop besluit om sy sending te laat vaar om te verhoed dat die briewe in verkeerde hande beland. Hy is in Mosambiek geïnterneer en saam met ander geïnterneerdes met die *Zaire* na Portugal gestuur. Plokhooij kon daarin slaag om in Portugal te ontsnap, waarna hy na Lissabon gegaan en die pakkie briewe met sensitiewe inligting aan Engelenburg oorhandig het.[71] Engelenburg was baie versigtig toe hy aan P.L.A. Goldman in Brussel geskryf het dat die briewe van Plokhooij nou in sy besit was:

> Ingevolge uw laatste schrijven begaf ik mij naar de plaats waar ik de persoon in kwestie dacht te vinden.[72]

Engelenburg het instruksies van Goldman gevra. Indien hy die briewe aan Goldman moes terugbesorg, sou hy verkies om dit per aangetekende pos aan hom te stuur, hoewel dit nie die veiligste manier was nie. Anders sou hy ŉ betroubare persoon moes vind wat dit na Brussel kon neem. Hy het ook geskryf dat die "persoon in kwestie" oor twee weke by ŉ hawe in die Middellandse See aan wal sou gaan en van daar noordwaarts sou reis. Engelenburg het dus nie in die brief Plokhooij se naam genoem nie, ook nie die hawe waar hy aan wal sou gaan nie en ook

70 P.W.A. Mulder, "Plokhooij, Cornelis" in C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, pp. 490-491.
71 NASA, Pretoria, LA, vol. 324, deel I, Handgeskrewe verslag van C. Plokhooij, Amsterdam, 18.07.1901.
72 NASA, Pretoria, LA, vol. 324, deel I, F.V. Engelenburg, Lissabon – P.L.A. Goldman, Brussel, 02.05.1901.

nie dat hy na Nederland op pad was nie.[73] Volgens Engelenburg was hy in elk geval "buiten vervolgings-gevaar en zijne voorwerpen in mijn bezit".[74] Dit is nie bekend wat Goldman se instruksies was rakende die briewe in Engelenburg se besit nie. Plokhooij het van Lissabon oor Genua en Triëst na Nederland gegaan en op 3 Junie 1901 in Amsterdam aangekom.[75]

Gedurende die geïnterneerdes se verblyf in Portugal het die Comité te Lissabon geld en goedere uit verskillende lande namens die geïnterneerdes ontvang. Uit Rusland is byvoorbeeld 1 000 frank aan die Comité gestuur.[76] Die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Vereniging (NZAV) in Amsterdam het kiste met onder andere tydskrifte, boeke, pype, seep, sjokolade, skryfbehoeftes en speelkaarte aan die voorsitter van die komitee, C. George, gestuur sodat dit eweredig onder die geïnterneerdes versprei kon word.[77] Die Portugese regering het die skenkings uit Nederland van invoerregte vrygestel, maar beperkings op die invoer van tabak geplaas.[78] Engelenburg het ywerig gehelp en toegesien dat elke groep sy regmatige deel kry. In April 1901 het Engelenburg namens die Comité "een kist poederzeep voor uwe menschen" aan kommandant N.J. Grobler in Alcobaça gestuur.[79] Later het kiste met diverse goedere gevolg. Die Comité het twee kiste met psalm- en gesangboeke, asook leesboeke uit Nederland na Alcobaça gestuur.[80] Nog later het kiste met skoolboeke vir verspreiding uit Nederland aangekom.[81] Een van die talle take van die

73 NASA, Pretoria, LA, vol. 324, deel I, F.V. Engelenburg, Lissabon – P.L.A. Goldman, Brussel, 02.05.1901.

74 NASA, Pretoria, LA, vol. 324, deel I, F.V. Engelenburg, Lissabon – P.L.A. Goldman, Brussel, brief ongedateer.

75 NASA, Pretoria, LA, vol. 324, deel I, Handgeskrewe verslag van C. Plokhooij, Amsterdam, 18.07.1901.

76 W.J. Leyds, *Vierde verzameling: correspondentie 1900-1902*, deel 1.1, brief 280, W.J. Geerling – W.J. Leyds, 12.07.1901, p. 280.

77 VAB, Bloemfontein, Oorlogsmuseumversameling: Kmdt. N.J. Grobler, A155/68/1, J.A. van Otterloo, Nijmegen – N.J. Grobler, Alcobaça, 04.06.1902. Sien ook O.J.O. Ferreira, *Viva os Boers!: Boeregeïnterneerdes in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, p. 87.

78 W.J. Leyds, *Vierde verzameling: correspondentie 1900-1902*, deel 1.1., brief 280, W.J. Geerling – W.J. Leyds, 12.07.1901, p. 278.

79 VAB, Bloemfontein, Oorlogsmuseumversameling: Kmdt. N.J. Grobler, A155/68/1, F.V. Engelenburg, Lissabon – kmdt. N.J. Grobler, Alcobaça, 17.05.1901. Sien ook O.J.O. Ferreira, *Viva os Boers!: Boeregeïnterneerdes in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, p. 87.

80 VAB, Bloemfontein, Oorlogsmuseumversameling: Kmdt. N.J. Grobler, A155/68/1, J.A. Gerken, Lissabon – N.J. Grobler, Alcobaça, 25.06.1901; en J.A. Gerken, Lissabon – N.J. Grobler, Alcobaça, 13.07.1901. Sien ook O.J.O. Ferreira, *Viva os Boers!: Boeregeïnterneerdes in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, p. 87.

81 VAB, Bloemfontein, Oorlogsmuseumversameling: Kmdt. N.J. Grobler, A155/68/1, J.A. Gerken, Lissabon – N.J. Grobler, Alcobaça, 19.08.1901. Sien ook O.J.O. Ferreira, *Viva os Boers!: Boeregeïnterneerdes in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, p. 87.

Comité was om alle korrespondensie wat aan geïnterneerdes gerig was, te sorteer en te sorg dat dit die geadresseerdes bereik. Die Comité het ook die ou koeverte van briewe uit Suid-Afrika by die geïnterneerdes versamel en in Lissabon ten bate van hulle verkoop, waarskynlik aan seëlversamelaars.[82] O.J.O. Ferreira is van mening dat die koeverte wat uit Transvaal en die Vrystaat afkomstig was, skynbaar baie gewilder onder die Portugese kopers was as dié afkomstig uit die Kaapkolonie.[83] Op 4 Mei 1901 het Engelenburg aan kommandant Grobler in Alcobaça laat weet dat hy die meeste van die koeverte wat die kommandant aan hom gestuur het, reeds verkoop het teen 100 réis[84] per stuk. Die opbrengs uit die verkope was 3 700 réis, waarvoor hy 'n poswissel sou stuur nadat hy koste en versendingskoste afgetrek het.

> Indien u nog meer enveloppen mij ter verkoop wilt toezenden, zal ik gaarne moeite doen deze te verkoopen en u de opbrengst te doen geworden.[85]

Engelenburg het kommandant Grobler ook laat weet dat alle briewe voortaan deur die Caldas-Comité gesorteer en versprei sou word, maar dat die beste kans om die koeverte van die hand te sit in Lissabon was en dat hy dit steeds namens die uitgewekenes sou verkoop.[86] Twee weke later het Engelenburg aan kommandant Grobler geskryf dat daar 'n paar kiste met voorrade by sy kantoor bewaar word wat aan uitgeweke burgers geadresseer was. Waarskynlik was die burgers self verantwoordelik vir die versendingskoste, met die gevolg dat hy eers van kommandant Grobler wou verneem of dit die moeite en koste sou loon om die kiste aan hulle eienaars te stuur.

> De namen op die kisten zijn als volgt: Leonard, Goudriaan, Anandale, Breedt, Oosthuizen, Malan, Calitz, Milliery en Van der Walt.[87]

---

82 VAB, Bloemfontein, Oorlogsmuseumversameling: Kmdt. N.J. Grobler, A155/68/1, F.V. Engelenburg, Lissabon – N.J. Grobler, Alcobaça, 04.05.1901; A155/68/1, J.A. Gerken, Lissabon – N.J. Grobler, Alcobaca, 13.07.1902. Sien ook O.J.O. Ferreira, *Viva os Boers!: Boeregeïnterneerdes in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, pp. 86-87.

83 VAB, Bloemfontein, Oorlogsmuseumversameling: Kmdt. N.J. Grobler, A155/68/1, J.A. Gerken, Lissabon – N.J. Grobler, Alcobaca, 11.06.1902. Sien ook O.J.O. Ferreira, *Viva os Boers!: Boeregeïnterneerdes in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, p. 87.

84 Die real (meervoud réis) was die geldeenheid van Portugal van ongeveer 1430 tot 1911.

85 VAB, Bloemfontein, Oorlogsmuseumversameling: Kmdt. N.J. Grobler, A155/68/1, F.V. Engelenburg, Lissabon – N.J. Grobler, Alcobaça, 04.05.1901.

86 VAB, Bloemfontein, Oorlogsmuseumversameling: Kmdt. N.J. Grobler, A155/68/1, F.V. Engelenburg, Lissabon – N.J. Grobler, Alcobaça, 04.05.1901.

87 VAB, Bloemfontein, Oorlogsmuseumversameling: Kmdt. N.J. Grobler, A155/68/1, F.V. Engelenburg, Lissabon – N.J. Grobler, Alcobaça, 17.05.1901.

Daar is ook gesorg dat die Kersfees van 1901 feestelik vir die kinders aangebied is; dit het die Comité geheel en al uit private middele befonds. Die Comité het selfs gesorg vir drie Kersbome.[88]

Izaak Wallach het die staaltjie vertel dat hy eenkeer saam met konsul-generaal George na een van die aanhoudingsplekke gegaan het terwyl Engelenburg met 'n fiets 'n ent gaan ry het. Engelenburg was geklee in sy ou oorlogsdrag, wat maar taamlik verslete was. Die totale prentjie het hom ietwat koddig daar laat uitsien. Sowat 10 myl (±22 km) buite die stad het hy na 'n baie duur restaurant gegaan waar slegs die rykes gewoonlik geëet het. Die restaurant was ook bekend vir sy uitstekende maaltye en bediening. Hy was baie honger en vra toe die bestuurder of hy daar kon eet. Die restaurantbestuurder het nie geweet wie hy was nie en het hom meegedeel dat hy nie in daardie mondering in die eetsaal bedien kon word nie. Ná lang onderhandeling het die restaurantbestuur hom na die kombuis geneem, waar hy sy middagmaal kon geniet. Engelenburg het die hoofkok baie beleefd gegroet, waarna een van die kelners aan hom genoem het wat daar op die spyskaart was en gevra het wat hy wou eet. Hy wou egter self die spyskaart sien en toe hy dit kry, het hy ook die wynlys gevra. As connoisseur het hy 'n groot fles van die beste wyn uitgesoek. Die kelner sê toe aan hom dat dit die duurste wyn op die spyskaart was en dat hy eers die bestuurder se toestemming moes kry voordat hy die wyn aan hom kon voorsit. Die bestuurder het na Engelenburg toe gekom en hom gevra of hy vir die wyn sou kon betaal, waarop Engelenburg aangebied het om vooruit te betaal, dog hy het die wyn toe tog op rekening gekry. Die wyn was so goed dat hy 'n tweede fles bestel het waarop die bestuurder bekommerd begin raak het. Ná die ete het die gas ook van die beste cognac en 'n paar sigare bestel. Weer moes toestemming van die bestuurder verkry word. Sy kommer was egter onnodig, want na die ete het Engelenburg nie alleen vir die ete betaal nie maar vir die kok en die kelner elk 'n stewige fooitjie gegee. Hy het selfs oorweeg om die bestuurder 'n kado'tjie in die hand te stop![89]

---

88 NASA, Pretoria, LA, vol. 71, deel II, GZR 47.2, 21.12.1901. Memorandum.

89 I. Wallach, "Die volmaakte 'gentleman': ter gedagtenis aan my groot en getroue vriend" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, pp. 7-9.

ʼn Week later het konsul-generaal George Engelenburg, Izaak Wallach en ses Portugese hoogwaardigheidsbekleërs vir ete genooi. Op die uitnodigingskaartjie is gevra dat dekorasies gedra moes word. Engelenburg was in besit van die Portugese Orde van die Ridder van Onbevlekte Ontvangenis, wat die Portugese regering ʼn paar jaar tevore vir bewese dienste aan hom toegeken het. Hy het die ordeteken vir die ete aangesteek. Soos die toeval dit wou hê, was die eetmaal in dieselfde restaurant waar hy ʼn week tevore sy interessante noenmaal genuttig het. Ongeveer seweuur die aand het die gaste by die restaurant aangekom, kompleet met aanddrag en ordes. Dieselfde bestuurder het hulle waardig ontvang en voor hulle gebuig, waarna hy vir Engelenburg stip aangekyk en gevra het of hy hom nie tevore al gesien het nie. Engelenburg het hom meegedeel dat dit hy was wat die vorige week in die kombuis moes eet en dat die bestuurder baie besorg was oor die betaling van die rekening. Die bestuurder was baie verleë daaroor en het aaneen verskoning gevra. Engelenburg moes daarna die verhaal oorvertel tot groot vermaak van die gaste.[90]

In November 1901 was Engelenburg nog in Lissabon en het hy ʼn artikel van 19 bladsye oor die toestande in Suid-Afrika geskryf, wat in pamfletvorm uitgegee is. Dit het ook in die *Jaarboek van de Maatschappij der Nederlands Letterkunde* verskyn.[91] Hy het daarin ʼn paar wenke aan die hand gedoen om die vrede in die land te herstel. Die titel van die artikel was "Vredes-recepten voor Zuid-Afrika". Volgens hom sou die aanneemlikste resep vir die Boere wees dat daar ingegryp en ʼn uitweg gevind word om die vrede te herstel en te sorg vir die welsyn van die huidige en die toekomstige generasie. Die sukses daarvan sou egter afhang van die blywende toekomstige verstandhouding van Boer en Brit. Hy het bepleit dat aan die Boere-republieke onbeperkte vryheid gegee word om, ongehinderd deur invloede van buite, hoe goed ook al bedoel, hulle huis in orde te hou, nie alleen om die ZAR se ontwil nie, maar ook omdat die Britse Imperiale regering ruimskoots daarby sou baat.[92]

---

90 I. Wallach, "Die volmaakte 'gentleman': ter gedagtenis aan my groot en getroue vriend" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, pp. 7-9.

91 F.V. Engelenburg, "Vredes-recepten voor Zuid-Afrika" in *Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde*, 1902, pp. 1265-1284.

92 F.V. Engelenburg, "Vredes-recepten voor Zuid-Afrika" in *Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde*, 1902, p. 1280.

### Engelenburg in Brussel

Ná ŉ jaar en ŉ paar maande in Lissabon het Engelenburg na Brussel gegaan, waar hy vir die laaste gedeelte van die oorlog opnuut Transvaal gedien het deur op menige wyse hulp te verleen aan Leyds wanneer dié uitstedig was.[93] Mevrou Leyds en die kinders het nie in Brussel gewoon nie, maar in Utrecht, ter wille van die kinders se opvoeding. Toe Engelenburg by dr. Leyds aangesluit het, het Leyds sy hulp baie waardeer en op 1 April 1902 het hy in sy dagboek geskryf: "Engelenburg is onbetaalbaar in ijver en toewijding".[94] Die gesantskap se kantore was in ŉ gebou te Rue de Livourne 8, terwyl dr. Leyds baie naby daaraan in ŉ straat wat die Rue de Livourne gekruis het, in ŉ huurhuis te Rue de Florence 5, gewoon het.[95]

Engelenburg het in Brussel te Rue Capouillet 48 gewoon. Gedurende sy verblyf daar het hy die 19-jarige geskeide dame, Lorraine Amelia Bernice Marguerite Powell, gebore Halliday, ontmoet. Lorraine is op 22 Augustus 1883 in Londen gebore. Haar ouers was Peter William (1856-1910) van Philadelphia, VSA, en haar moeder, Mary Brady (1852-1903), van Dublin, Ierland.[96] Dit is nie bekend of sy in Amerika of in Engeland opgegroei het nie. Lorraine sou ná die oorlog ŉ groot rol in Engelenburg se lewe speel.

### Vrede word gesluit

Op 31 Mei 1902 het die uitgeputte Boeremagte die stryd gewonne gegee en die Vrede van Vereeniging in Pretoria onderteken.[97] Die eed van getrouheid aan Brittanje moes ook deur die Boeregeïnterneerdes in die aanhoudingsplekke in Portugal afgelê word. Die uitgewekenes het op 18 Julie 1902 met die *Bavarian* na Suid-Afrika vertrek en op 4 Augustus in Tafelbaai aangekom.[98] In die tydperk wat die geïnterneerdes in Portugal was, is 14 persone oorlede. Jare

---

93 H.C. de Kock, *Frans Vredenrijk Engelenburg 1863-1938* in I Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, pp. 23-24.

94 W.J. Leyds, *Vierde verzameling: correspondentie 1900-1902*, deel 1.2, no. 737, Uittreksel uit dagboek, 01.04.1902, p. 672.

95 NASA, Pretoria, LA, vol. 282, deel I, GZR 5113/99. Memorandum.

96 F.V. Engelenburg, *Engelenburg: geschiedenis van de familie, voor z'n jongere verwanten verteld*, p. 39.

97 F. Pretorius, "Almal se oorlog: die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)" in Pretorius, F. (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika: van voortye tot vandag*, p. 244.

98 NASA, Pretoria, LA, vol. 206, deel I, R 4013/02, W.J. Greyling namens die Commissie voor de Refugeé's, Caldas da Reinha – W.J. Leyds, 12.07.1902.

later het die gedagte by die Britse departement van kolonies ontstaan om gedenktekens vir ontslape Boere-krygsgevangenes te Diyatalawa (Ceylon), Indië, Portugal en Bermuda, en op St. Helena op te rig. Die Unieregering het in 1910 sy bereidwilligheid te kenne gegee om vir die koste van die oprigting van die monumente te betaal.[99] Die monument te Lissabon vir die Boeregeïnterneerdes wat in Portugal oorlede is, was in die vorm van ŉ gedenknaald of obelisk, ongeveer vyf meter hoog, met ŉ kruis bo-op.[100] Die Portugese steenhouer H. Miguel Prazeres het die gedenknaald vervaardig, die letters van die inskripsies uitgekap en die ruimtes met loodletters gevul.[101] Dit is in die Britse begraafplaas in Lissabon naby die kerk opgerig. In die teenwoordigheid van die Portugese minister van buitelandse sake en Britse amptenare het die onthulling en inwyding van die gedenkteken op 28 April 1913 om 12:00 plaasgevind. Ná afloop van die verrigtinge is die Britse volkslied gespeel en daarna die *Portugueza*.[102]

Die twee voormalige republieke, die ZAR en die Oranje-Vrystaat, is ná die Anglo-Boereoorlog in kroonkolonies omskep. Vir Brittanje was dit egter ŉ vergeefse oorlog sover dit Afrikaner-nasionalisme betref het. Die oorlog het die eenheidsgevoel onder die Afrikaners versterk en die grondslag gelê vir die groot volksontwaking wat die toekomstige geskiedenis van Suid-Afrika sou oorheers en waarin Engelenburg ŉ beduidende aandeel sou hê. Die ondertekening van die Vrede van Vereeniging was vir Kruger ŉ skok. ŉ Paar dae daarna het hy aan Bredell gesê dat hy nie van plan was om na Transvaal terug te keer nie. Hy wou nie koning Eduard VII as sy soewerein erken en op sy oudag ŉ Britse onderdaan word nie. In Augustus 1902 het generaals Botha, De la Rey en De Wet Kruger besoek om die omstandighede te verduidelik wat tot die vredestraktaat gelei het.[103] Toe dit in ŉ stadium gelyk het of Kruger tog oorweeg het om na Suid-Afrika terug te keer, het generaal Smuts alles in sy vermoë gedoen om Kruger te laat terugkom.

---

99 NASA, Pretoria, Sentrale Argiefbewaarplek (SAB), Argief van die Goewerneur-generaal (GG) 1163, vol. 27/272, Sir Arthur H. Hardinge – Sir Edward Grey, 29.04.1913. Sien ook vol. 27/316, M1158, 11.12.1913, insake die betaling vir die werksaamhede.

100 NASA, Pretoria, SAB, GG 1163, vol. 27/272, Sir Arthur H. Hardinge – Sir Edward Grey, 29.04.1913. Sien ook vol. 27/316, M1158, 11.12.1913, insake die betaling vir die werksaamhede.

101 NASA, Pretoria, SAB, GG 1163, vol. 27/232, C. Wingfield – Sir Edward Grey, 02.10.1912; en GG 1161, vol. 27/127, M 1372, 27.11.1901. Memorandum.

102 NASA, Pretoria, SAB, GG 1163, vol. 27/272, Sir Arthur H. Hardinge – Sir Edward Grey, 29.04.1913; en vol. 27/316, M1158, 11.12.1913. Genl. Louis Botha het die betaling van £105.7.4 vir die gedenkteken goedgekeur.

103 F.V. Engelenburg, "Paul Krüger as balling I", *Die Volkstem*, 09.10.1931.

In die hoogste Britse regeringskringe is die planne nie aangemoedig nie. Hulle het Kruger se sterk persoonlikheid nie onderskat nie.[104] Kruger het hom later daarmee versoen dat hy nooit weer na Suid-Afrika sou terugkeer nie, maar het daarna ŉ lydelike houding ingeneem waarmee hy volhard het tot sy dood. Die doel van die generaals se besoek aan Europa was ook om geld in te samel om die landelike bevolking in Suid-Afrika weer op die been te help. In Brittanje het hulle koning Eduard VII ontmoet.[105] Oral waar hulle gegaan het, het die generaals ŉ heldeontvangs gekry, maar die Britte, asook die Duitse staatsamptenare, het die drie mans koel behandel. Die Britse regering het eers geweier om meer as die £3 miljoen waarop tydens die vredesonderhandelinge ooreengekom is, toe te staan. Botha het daarop ŉ artikel in Brittanje gepubliseer waarin die Britte op hulle plig gewys is om die verslane volk, wat nou hulle onderdane was, te help. Dit het die gewenste uitwerking gehad. Die £3 miljoen is toe verhoog tot £8 miljoen en Joseph Chamberlain (1836-1914) het besluit om persoonlik na Suid-Afrika te gaan om vas te stel of dit voldoende sou wees. Indien dit sou blyk dat meer geld benodig word, sou hy by die Britse parlement ŉ verdere bedrag aanvra.[106] Die drie Boeregeneraals, Botha, De la Rey en De Wet, het daarna na Suid-Afrika teruggekeer.

Nog voor hulle na Europa vertrek het, het hulle aan Engelenburg geskryf en hom gepols oor ŉ moontlike publikasie oor die oorlog. Engelenburg was egter van mening dat die tyd nog nie ryp was vir ŉ boek nie, maar dat die generaals se behoefte aan so ŉ publikasie aandag verdien het. Hy het gemeen dat die titel iets kon wees soos *Kommentare, Bydraes, Herinneringe* of iets dergeliks. Hy het die inhoud van die boek soos volg voorgestel:
ŉ Inleiding: onderteken deur presidente Kruger en Steyn.
Eerste helfte: ŉ *histoire politique*; ŉ Vrystaatse hoofstuk deur Fischer; ŉ hoofstuk oor die Kaapkolonie deur Malan, en ŉ Transvaalse hoofstuk deur Engelenburg indien daar niemand anders gevind kon word nie.
Tweede helfte: ŉ *histoire-bataille* geskryf deur Botha, De Wet en De la Rey.

---

104 F.V. Engelenburg, "Paul Krüger as balling I", *Die Volkstem*, 09.10.1931.
105 F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, pp. 91-98.
106 F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, pp. 100-101.




Illustrasie 56: Gedenknaald vir gestorwe Boeregeïnterneerdes in die Cemitério Inglês (Engelse kerkhof) in Estrêla, Lissabon. Foto: Linda Brink, November 2011.